

**INLEIDENDE ANORGANIESE  
EN FISIESE CHEMIE  
STUDIEGIDS VIR**

**NCHE111 PAC**

\*NCHE111PAC\*

**FAKULTEIT NATUURWETENSAPPE**

**Studiegids saamgestel deur:**

**CE Read**

Taalsorg 2016

+Bladuitleg deur Elsabe Botha, **graphikos**

Hantering van drukwerk en verspreiding deur Departement Logistiek (Verspreidingsentrum)

Gedruk deur Ivyline Technologies 018 293 0715/6.

Kopiereg © 2018-uitgawe. Hersieningsdatum 2018

Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

Geen gedeelte van hierdie boek mag in enige vorm of op enige manier sonder skriftelike toestemming van die publiseerders weergegee word nie.

# INHOUDSOPGAWE

Verwelkoming .....	v
Algemene module-inligting.....	v
Veronderstelde leer (toelatingsvereistes).....	v
Kontakbesonderhede.....	v
Werksprogram .....	v
Studemateriaal.....	vi
die volgende is belangrik! .....	vi
Assessering.....	vii
Deelname- en modulepunt.....	vii
Summatiewe assessering (eksamen) .....	vii
Hoe om die studiegids te gebruik.....	viii
Aksiewoorde .....	viii
Studie-ikone.....	ix
Waarskuwing teen plagiaat.....	x
<b>LEERAFDELING A DIE BASIESE BOUSTENE VAN CHEMIE .....</b>	<b>1</b>
<b>1 Basiese konsepte van chemie .....</b>	<b>3</b>
1.1 CHEMIE EN CHEMIESE METODEDES .....	4
1.2 KLASSIFIKASIE VAN MATERIE .....	5
1.3 ELEMENTE .....	6
1.4 VERBINDINGS .....	7
1.5 FISIESE EIENSKAPPE.....	8
1.6 FISIESE EN CHEMIESE VERANDERING .....	9
1.7 EENHEDE VAN METING .....	10
1.8 METINGS: PREZISIE, AKKURAAKTHEID, EKSPERIMENTELE FOUTE EN STANDAARDAFWYKING .....	11
1.9 DIE WISKUNDE VAN CHEMIE.....	12
1.10 DIE TEGNIEK VAN PROBLEEMOPLOSSING EN GRAFIEKE .....	13
<b>2 Atome, molekules en ione.....</b>	<b>14</b>
2.1 ATOOMSTRUKTUUR – PROTONE, ELEKTRONE EN ATOOMMASSA .....	15
2.2 ISOTOPE .....	16
2.3 DIE PERIODIEKE TABEL .....	17
2.4 MOLEKULES, VERBINDINGS EN FORMULES .....	18
2.5 IONIESE VERBINDINGS: FORMULES, NAME EN EIENSKAPPE.....	19
2.6 MOLEKULÊRE VERBINDINGS: FORMULES EN NAME .....	20
2.7 ATOME, MOLEKULES EN DIE MOL .....	21
2.8 CHEMIESE ANALISES: BEPALING VAN DIE FORMULES VAN VERBINDINGS .....	22
<b>3 Chemiese reaksies .....</b>	<b>23</b>
3.1 INLEIDING: BALANSERING VAN CHEMIESE VERGELYKINGS .....	24
3.2 INLEIDING TOT CHEMIESE EWEWIG .....	25
3.3 WATERIGE OPLOSSINGS .....	26
3.4 PRESIPITASIEREAKSIES .....	27
3.5 SURE EN BASISSE.....	28
3.6 GASVORMINGSREAKSIES .....	29
3.7 OKSIDASIE-REDUKSIEREAKSIES .....	30
3.8 BALANSERING VAN OKSIDASIE-REDUKSIEREAKSIES .....	31
3.9 KLASSIFIKASIE VAN REAKSIES IN WATERIGE OPLOSSINGS .....	32
<b>4 stoïgiometrie: kwantitatiewe inligting oor Chemiese reaksies.....</b>	<b>33</b>
4.1 MASSAVERWANTSKAPPE IN CHEMIESE REAKSIES: STOÏGIOMETRIE .....	34

4.2	REAKSIES WAARVAN EEN REAGENS IN BEPERKTE HOEVEELHEID TEENWOORDIG IS (BEPERKENDE REAGENSE).....	35
4.3	PERSENTASIEOPBRENGS .....	36
4.4	CHEMIESE VERGELYKINGS EN CHEMIESE ANALISE.....	37
4.5	METING VAN KONSENTRASIES VAN VERBINDINGS IN OPLOSSING .....	38
4.6	PH, 'N KONSENTRASIESKAAL VIR SURE EN BASISSE.....	39
4.7	STOÏGIOMETRIE VAN REAKSIES IN WATERIGE OPLOSSINGS .....	40
<b>5</b>	<b>Beginnels van chemiese reaktiwiteit: Energie en chemiese reaksies .....</b>	<b>41</b>
5.1	ENERGIE: BASIESE BEGINSELS .....	42
5.2	SPESIFIEKE WARMTE(HITTE)KAPASITEIT: WARMTE EN AFKOELING .....	43
5.3	ENERGIE EN TOESTANDSVERANDERINGE .....	44
5.4	DIE EERSTE WET VAN TERMODINAMIKA .....	45
5.5	ENTALPIEVERANDERINGE VIR CHEMIESE REAKSIES.....	46
5.6	KALORIMETRIE .....	47
5.7	ENTALPIEBEREKENINGE .....	48
5.8	PRODUK- OF REAGENSBEVOORDEELDE REAKSIES EN TERMODINAMIKA.....	49
	<b>LEERAFDELING B DIE BEHEER VAN CHEMIESE REAKSIES.....</b>	<b>50</b>
<b>6</b>	<b>chemiese kinetika: die tempo van chemiese reaksies .....</b>	<b>51</b>
6.1	TEMPO'S VAN CHEMIESE REAKSIES .....	52
6.2	REAKSIEKONDISIES EN TEMPO'S.....	53
6.3	DIE EFFEK VAN KONSENTRASIE OP DIE REAKSIETEMPO .....	54
6.4	KONSENTRASIE-TYD-VERWANTSAPPE: GEÏNTEGREERDE TEMPOWETTE .....	55
6.5	'N MIKROSKOPIESE BESKOUIING VAN REAKSIETEMPO'S .....	56
6.6	REAKSIEMEGANISMES .....	56
<b>7</b>	<b>beginnels van chemiese reaktiwiteit: ewewig .....</b>	<b>57</b>
7.1	CHEMIESE EWEWIG: 'N OORSIG.....	58
7.2	DIE EWEWIGSKONSTANTE EN REAKSIEKWOSIËNT.....	59
7.3	BEPALING VAN 'N EWEWIGSKONSTANTE .....	60
7.4	DIE GEBRUIK VAN EWEWIGSKONSTANTES IN BEREKENINGE .....	61
7.5	GEBALANSEERDE REAKSIEVERGELYKINGS EN EWEWIGSKONSTANTES .....	62
7.6	VERSTEURING VAN 'N CHEMIESE EWEWIG.....	63
<b>8</b>	<b>Beginnels van chemiese reaktiwiteit: Die chemie van sure en basisse.....</b>	<b>64</b>
8.1	DIE BRØNSTED-LOWRY-KONSEP VAN SURE EN BASISSE .....	65
8.2	WATER EN DIE PH-SKAAL.....	66
8.3	EWEWIGSKONSTANTES VIR SURE EN BASISSE.....	67
8.4	SUUR-BASISEIENSKAPPE VAN SOUTE .....	68
8.5	VOORSPELLING VAN DIE RIGTING VAN SUUR-BASISREAKSIES.....	69
8.6	TIPES SUUR-BASISREAKSIES .....	70
8.7	BEREKENINGE MET EWEWIGS-KONSTANTES .....	71
8.8	POLIPROTIESE SURE EN BASISSE .....	72
8.9	MOLEKULÊRE STRUKTUUR, BINDING EN SUUR-BASISOPTREDE .....	73
8.10	DIE LEWIS-KONSEP VAN SURE EN BASISSE .....	74
<b>9</b>	<b>beginnels van chemiese reaktiwiteit: ander aspekte van waterige ewewigte .....</b>	<b>75</b>
9.1	DIE GEMEENSKAPLIKE IOONEFFEK .....	76
9.2	PH-BEHEER: BUFFEROPLOSSINGS.....	77
9.3	SUUR-BASISTITRASIES .....	78
9.4	OPLOSBAARHEID VAN SOUTE .....	79
9.5	PRESIPITASIE-REAKSIES.....	80
9.6	DIE EWEWIGTE VAN KOMPLEKSE IONE .....	81
9.7	DIE OPLOSBAARHEID VAN KOMPLEKSE IONE .....	81
	<b>BYLAAG .....</b>	<b>82</b>

## VERWELKOMING

Baie welkom by die NCHE111-module.

Jy het ingeskryf vir 'n module wat jou nie net gaan help in die res van jou graadkursus nie, maar dit gaan ook 'n verskil in jou lewe gaan maak! Chemie is 'n relevante, opwindende vakgebied met hope toepassings in die alledaagse lewe.

Chemie is beslis interessant en jy gaan baie dinge in die wêreld om jou beter verstaan ná afloop van selfs net hierdie eerste, inleidende module. Die module is egter ook uitdagend en gaan heelwat tyd verg, maar onthou: sukses kom net deur harde werk!

Sterkte

Dr CE (Colin) Read

## ALGEMENE MODULE-INLIGTING

Hierdie module vorm die basis van al die chemiemodules wat by die NWU-PUK aangebied word. Die module se kredietwaarde is 12 en dit verteenwoordig dus 120 geskatte studie-ure.

## VERONDERSTELDE LEER (TOELATINGSVEREISTES)

Die toelatingsvereiste om NCHE111 aan die NWU-PUK te neem, is 'n Nasionale Seniorcertifikaat met wiskunde geslaag op vlak 5 (60-69%) en Fisiese Wetenskap geslaag op vlak 4 (50-59%). Hierbenewens moet die student 'n APS-telling van ten minste 24 hê. (Kyk na Regulasies N1.5 en N1.6 in die Jaarboek vir meer besonderhede.)

## KONTAKBESONDERHEDE

### Dosent

Jou dosent vir die kursus in 2018 is dr CE (Colin) Read.

### Leerfasilitering

Ek verwag van jou om vrae in die klas te vra as daar iets is wat jy nie verstaan nie. Om egter seker te maak dat almal die geleentheid het om hulle vrae te vra, sal ons in samewerking met die leerfasiliteerders die nodige tutoriaalperiodes reël.

### Spreektye

Ek is geredelik beskikbaar, maar ten einde teleurstelling te voorkom, kontak my per e-pos om 'n afspraak te maak. Ek is in gebou G8, kantoor nommer F208 en my e-posadres is colin.read@nwu.ac.za. Neem vrymoedigheid as iets jou pla. Let wel, geen probleme sal telefonies of per e-pos bespreek word nie.

## WERKSPROGRAM

By die eerste lesing sal ek 'n werkspogram aan jou gee. Die program sal presies aandui watter leergedeeltes gedurende watter lesing bespreek sal word, asook die datums waarop werksopdragte uitgedeel en ingedien, toetse geskryf en huiswerk ingedien moet word. Ek verwag van jou om volgens die program voorbereid na elke lesing te kom.

## Klastye

Die dag, tyd en lokaal van wanneer en waar die lesings aangebied word, sal beskikbaar wees wanneer jy in Januarie 2018 inskryf.

## STUDIEMATERIAAL

### Voorgeskrewe handboek

Die voorgeskrewe handboek is *Chemistry and Chemical Reactivity*, 9<sup>de</sup> uitgawe, deur Kotz, Treichel, Townsend en Treichel. Uitgewers: CENGAGE Learning. Daar sal voortaan in hierdie studiegids na die handboek verwys word as **KT&T**.

Daar is ook ander handboeke geskik vir studente op eerste vlak in die Natuurwetenskap-takbiblioteek. Jy sal vind dat hierdie en ook ander inleidende chemiehandboeke baie uitgewerkte voorbeelde het wat jou met veral eksamenvoorbereiding kan help.

### Lesingmateriaal

Ek publiseer die *Powerpoint*-skyfies van my lesings ná afloop van kontakssessies op *eFundi*, vanwaar jy dit kan aflaai. Hierbenewens word van die jongste onderrigtoetse, semesterassesserings en eksamenvraestelle met hulle nasienskemas ook op die web beskikbaar gestel om jou van bykomende oefen- en voorbereidingsmateriaal te voorsien.

### Studiegids

Hierdie studiegids vorm die kern van die module en sal deurlopend as agtergrond en oorsig gebruik word.

### Praktikum

Vir die praktiese werk in die laboratorium word 'n praktiese handleiding benodig: Handleiding vir NCHE111 en Antwoordblaaie van praktiese handleiding vir NCHE111. Jy moet dit na elke prakties saambring en jy moet dit gebruik ter voorbereiding vir elke prakties. Die praktiese antwoordboek sal jy gebruik om praktiese verslae in te doen en aan die einde van die prakties in te handig. Volgens die handleiding moet jy elke eksperiment tuis deeglik voorberei. Voor die aanvang van elke eksperiment sal jy 'n kort voorbereidingstoetsie skryf om te toets of jy oor die nodige kennis beskik.

## DIE VOLGENDE IS BELANGRIK!

- *Berei voor vir elke lesing.* Beskou die module as 'n kassie vol gereedskap. Jy moenie net 'n stuk gereedskap kan identifiseer en beskryf nie (kennis), jy moet dit ook kan gebruik in nuwe situasies (insig). Tydens jou voorbereiding sal jy gou agterkom wat jy nie verstaan nie.
- *Woon lesings getrou by.* Jou oogmerk moet wees om aan die einde van elke lesing die werk wat behandel is volledig te verstaan. As jy nog steeds nie dit waarmee jy tydens jou voorbereiding gesukkel het verstaan nie, moet jy my vra om dit weer te verduidelik. Onthou dat lesings bedoel is om jou te begelei sodat jy self die werk kan baasraak.
- *Toets jou vordering.* Klastoetse is nie 'n straf nie. Dit is hulpmiddels wat jou in staat stel om te kyk of jy die uitkomst wat gestel is, bereik het. As jy nie na wense presteer het nie, gaan die werk weer deur, vra vrae in die klas, woon tutoriaalperiodes by; kortweg gestel, remedieer die probleem.
- *Bly op datum.* Onthou dat as jy eenmaal agtergeraak het, dit baie moeilik is om weer in te haal.

- **As daar gedurende die semester 'n probleem opduik wat jou werk nadelig beïnvloed, moet jy asseblief kom gesels. Moenie wag totdat dit te laat is nie!**

## ASSESSERING

### FORMATIEWE ASSESSERING

Ek sal deurlopend gedurende die semester van sommige van die volgende formatiewe assessering gebruik maak om jou vordering te monitor en 'n deelnamepunt vir jou op te bou: onderrigtoetse, werksopdragte, huiswerkopdragte, 'n praktiese en 'n semestertoets.

Indien 'n student hierdie chemiemodule herhaal, kan sodanige student **eenmalig** aansoek doen vir vrystelling van die spesifieke module se praktiese komponent met die voorwaarde dat die student ten minste 60% as finale praktiese punt in die vorige twee jaar behaal het. (Kyk 2018 jaarboek).

Volledige inligting oor die inhoud en bydrae van elke tipe formatiewe assesseringsgeleentheid tot jou deelnamepunt (die punt waarmee jy eksamen gaan skryf) sal op die werksprogram aangedui word.

**Indien jy vir enige van die formatiewe assesseringsgeleenthede soos hierbo genoem afwesig was of nie ingehandig het nie of nie geskryf het nie, moet jy 'n geldige skriftelike verskoning by my inhandig binne 10 dae nadat die assesseringsdatum verstryk het. Hierdie geldige skriftelike verskonings moet slegs by my ingehandig word. Ek aanvaar geen verantwoordelikheid indien jy dit by enige iemand anders inhandig en dit gaan verlore nie. Die skriftelike verskoning moet ook jou titel, volledige voorletters, van, studentenommer, inligting oor die assesseringsgeleentheid wat jy gemis het en datum van die assesseringsgeleentheid bevat. Versuim om so 'n skriftelike verskoning by my in te dien sal vir jou 'n punt van nul vir daardie assesseringsgeleentheid besorg.**

### DEELNAME- EN MODULEPUNT

Die berekening van jou deelnamepunt sal op jou werksprogram aangedui word.

Om die module suksesvol af te handel, moet jou finale modulepunt minstens 50% wees (wat ook die slaagpunt vir enige ander assessering is). Verder moet jou eksamenpunt minstens 40% wees, ongeag wat jou deelnamepunt is. Die modulepunt word uit die gemiddeld van die deelnamepunt en die eksamenpunt bereken in die verhouding 1:1.

### SUMMATIEWE ASSESSERING (EKSAMEN)

Ek sal die datum en tyd in die klas afkondig sodra dit beskikbaar is. Die eksamen duur 3 uur. Ek sal teen die einde van die semester met julle gesels oor die vorm van die vraestel. Gewoonlik bestaan dit uit 'n aantal teorievrae (definisies, wette, bewyse, ens.) wat die oplossing van probleme sal insluit. Om toelating tot die eksamen te verkry, moet jy 'n *deelnamebewys* verwerf. Die volledige vereistes hiervoor word in die jaarboek van die Fakulteit Natuurwetenskappe uiteengesit. Een vereiste is 'n *deelnamepunt van minstens 35%*.

As jy 'n deelnamebewys verwerf het, kan jy enige een of al twee eksamengeleenthede in Junie/Julie 2018 benut. Indien jy al twee geleenthede benut, sal die punt wat in die tweede eksamen verwerf word, die modulepunt bepaal. **Geen bewys vir afwesigheid van die eerste geleentheid is nodig nie.** Let daarop dat dit baie riskant sal wees om nie die eerste eksamengeleentheid te benut nie, want indien jy dan tydens die tweede geleentheid byvoorbeeld siek is, sal jy nie 'n spesiale (d.w.s. 'n derde) eksamengeleentheid ontvang nie.

'n Student wat geeneen van die twee geleenthede benut het nie, of wat ná afloop van die twee eksamenleenthede nie die module geslaag het nie, sal weer in 2018 vir hierdie module moet registreer, klasgeld betaal en klasse bywoon om 'n nuwe deelnamebewys te verwerf en sodoende toegang tot die volgende geskeduleerde eksamenleenthede te kry.

## HOE OM DIE STUDIEGIDS TE GEBRUIK

Die doel van die studiegids is om jou deur die leerinhoud van NCHE111 te begelei. Daarom is dit nodig dat jy die studiegids so effektief moontlik gebruik. Jy kan die volgende as riglyne gebruik:

- Graad 12-leerinhoud vorm die basis (grondslag) waarop in NCHE111 voortgebou word. By sommige leergedeeltes word dit as “selfstudie” aangedui. Hierdie leergedeeltes moet jy self bywerk en voorberei vir toets- en eksamendoeleindes.
- Gaan die uitkomst soos vir die verskillende vlakke (module, leereenheid, leergedeelte) uiteengesit baie deeglik deur – dit sê wat jy behoort te bereik aan die einde van elke leergedeelte en leereenheid, asook aan die einde van die module.
- Bestudeer die studiemateriaal van elke leergedeelte volgens die riglyne wat in die studiegids en leeruitkomst gegee word.
- Maak seker dat jy al die leeraktiwiteite in elke leergedeelte van die studiegids uitvoer.
- Voltooi alle selfevalueringsvrae en sien dit na volgens die instruksies wat gegee word.

## AKSIEWOORDE

Vrae, hetsy in toetse of eksamens, bevat altyd sekere sleutel- of aksiewerkwoorde. Jy moet weet wat die aksiewoorde beteken (d.w.s. wat die dosent daarmee bedoel) en wat van jou by die beantwoording van die vraag verwag word. Met die oog hierop word hier onder 'n kort lysie van sulke woorde verskaf.

KOGNITIEWE VLAK	AKSIEWOORD	BETEKENIS
<b>VLAK 1: KENNIS</b>	Definieer	Gee 'n akkurate, kort beskrywing van 'n begrip sodat die betekenis daarvan duidelik blyk.
	Beskryf	Eienskappe, feite of resultate word op 'n logiese, goed-geformuleerde wyse weergegee. Geen bespreking of verduideliking is nodig nie.
	Lys, Skryf, Gee, Noem	Gee die antwoord (feite) puntsgewys. Geen bespreking of verduideliking is nodig nie.
<b>VLAK 2: INSIG</b>	Verduidelik, Bespreek	Gee redes op 'n logiese, goed-gestruktureerde wyse vanuit illustrasies, modelle, wette en wiskundige vergelykings.
	Illustreer	Beskryf 'n begrip met behulp van voorbeelde of 'n skets of diagram met of sonder byskrifte.
	Onderskei, vergelyk	Feite, gebeure of probleme word teenoor mekaar gestel en ooreenkomste en verskille word na vore gebring.
	Som op	Om die wesentliche inligting op 'n beknopte en sistematiese manier weer te gee.
<b>VLAK 3: TOEPASSING</b>	Bepaal	Pas bestaande kennis en metodes (strategieë) toe op 'n nuwe probleem of situasie.
	Bereken	Enkele wiskundige metodes word toegepas om 'n

		numeriese antwoord te kry.
	Stel meganisme voor	Gee 'n meganisme, d.w.s. reaksieverloop, met pyltjienotasië en tussenstappe.
<b>VLAK 4: ANALISE</b>	Analiseer, bespreek	Verdeel 'n probleem, stelling of idee in die samestellende dele. Verduidelik die belang van elke deel en dui die onderlinge verwantskap tussen dele aan.
<b>VLAK 5: SINTESE</b>	Bereken	Meerdere wiskundige metodes word toegepas om 'n numeriese antwoord te kry.
	Bewys	Stellings word deur logiese aanvoer van aanvaarbare feite gestaaf.
	Dui verband aan	Vind en verduidelik die verwantskap tussen verskillende stellings.
	Som op of konstrueer	'n Groot massa kennis word opgesom en logies en sistematies georganiseer terwyl die essensie van die saak behou word.
<b>VLAK 6: EVALUERING</b>	Kritiseer, Gee 'n evaluering	Bepaal die waarde van 'n stelling, kwessie of argument deur te verduidelik of jy daarmee saamstem of daarvan verskil. Gee redes vir jou opinies. Analiseer die probleem en bepaal die waarde van elke komponent. Die resultaat word opgesom (sintese) om 'n omvattende en doelgerigte waardebeoordeling te lewer.

## STUDIE-IKONE

Die volgende studie-ikone is in die teks van hierdie studiegids gebruik:

	Bestudeer die aangetoonde materiaal in die handboek/artikel, ens.
	Toets jou kennis. Voltooi hierdie vrae voordat jy voortgaan.

# WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT



**WERKSTUKKE IS INDIVIDUELE TAKE EN NIE GROEPAKTIVITEITE NIE (TENSY DIT UITDRUKLIK AS 'N GROEPAKTIVITEIT) AANGEDUI WORD.**

**Kopiëring** van teks van ander studente of uit ander bronne (byvoorbeeld die studiegids, voorgeskrewe studiemateriaal of direk vanaf die internet) is **ontoelaatbaar** – net kort aanhalings is toelaatbaar en slegs indien dit as sodanig aangedui word.

U moet bestaande teks **herformuleer** en u **eie woorde** gebruik om te verduidelik wat u gelees het. Dit is nie aanvaarbaar om bestaande teks/stof/inligting bloot oor te tik en die bron in 'n voetnoot te erken nie – u behoort in staat te wees om die idee of begrip/konsep weer te gee sonder om die oorspronklike skrywer woordeliks te herhaal.

Die doel van die opdragte is nie die blote weergee van bestaande materiaal/stof nie, maar om vas te stel of u oor die vermoë beskik om bestaande tekste te integreer, om u eie interpretasie en/of kritiese beoordeling te formuleer en om 'n kreatiewe oplossing vir bestaande probleme te bied.

**Wees gewaarsku: Studente wat gekopieerde teks indien sal 'n nulpunt vir die opdrag ontvang en dissiplinêre stappe mag deur die Fakulteit en/of die Universiteit teen sodanige studente geneem word. Dit is ook onaanvaarbaar om iemand anders se werk vir hulle te doen of iemand anders in staat te stel om u werk te kopieer – moet dus nie u werk uitleen of aan ander beskikbaar stel nie!**





# LEERAFDELING A

## DIE BASIESE BOUSTENE VAN CHEMIE

### INHOUD VAN LEERAFDELING

Leereenheid 1	Basiese konsepte van chemie .....	Error! Bookmark not defined.
Leereenheid 2	Atome, molekules en ione .....	14
Leereenheid 3	Chemiese reaksies .....	23
Leereenheid 4	Stoïgiometrie: Kwantitatiewe inligting oor Chemiese reaksies.....	33
Leereenheid 5	Beginsels van chemiese reaktiwiteit: Energie en chemiese reaksies.....	41

Die tyd geskeduleer vir hierdie leerafdeling is 'n geskatte 80 uur.



Leerafdeling A is op gedeeltes van **Hoofstukke 1, 2, 3, 4 en 5** in **KT&T** gebaseer en sluit Leereenheid 1 tot 5 in.





# BASIESE KONSEPTE VAN CHEMIE

Die tyd geskeduleer vir hierdie hele leereenheid is 'n geskatte 7 ure.

Hierdie hele leereenheid (Leergedeelte 1.1 tot 1.10) moet jy self bestudeer en voorberei vir toets- en eksamendoeleindes. Onthou dat selfstudiewerk tussen 10% en 20% van toetse, werksopdragte en die eksamen kan uitmaak.



Hierdie leereenheid is op hoofstuk 1 van **KT&T**, bl. 1 - 43 gebaseer.

## UITKOMSTE

### Ná voltooiing van leereenheid 1 behoort jy:

- Die verskille tussen hipoteses, wette en teorieë te verstaan;
- die kineties-molekulêre teorie op die eienskappe van materie te kan toepas;
- materie te kan klassifiseer;
- elemente, atome, verbindings en molekules te kan herken;
- fisiese en chemiese eienskappe en veranderinge te kan identifiseer;
- verskillende vorme van energie te kan beskryf;
- die eenhede van meting te ken;
- die verskille tussen presisie, akkuraatheid, eksperimentele foute en standaardafwyking te kan verduidelik;
- data (numeriese waardes) in vaste notasies **sowel as** eksponensiële notasies of wetenskaplike notasies te kan uitdruk;
- te weet wat beduidende syfers is en dit korrek te kan neerskryf; en
- eenvoudige grafieke te kan teken en interpreteer.



## CHEMIE EN CHEMIESE METODES

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeele is 'n geskatte  $\frac{3}{4}$  uur.



Hierdie leergedeele is op **KT&T**, bl. 3 - 6 gebaseer.

### UITKOMSTE

#### Ná voltooiing van hierdie leergedeele behoort jy:

- Die verskille tussen hipoteses, wette en teorieë te verstaan;
- die wetenskaplike metode te kan verstaan;
- tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting te kan onderskei; en
- begrip te hê vir die rol van toeval en morele dilemmas en integriteit in die natuurwetenskappe.

Leergedeelte



1.2

## KLASSIFIKASIE VAN MATERIE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte  $\frac{3}{4}$  uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 6 - 10 gebaseer.

### UITKOMSTE

#### Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:

- Die kineties-molekulêre teorie op die eienskappe van materie te kan toepas;
- die verskillende fases van materie (soliede, vloeistowwe en gasse) te kan herken en die eienskappe van elk te kan beskryf;
- verskille op die makroskopiese en mikroskopiese vlak van materie te kan beskryf; en
- die verskil tussen suiwer stowwe en mengsels asook tussen homogene en heterogene mengsels te kan aantoon.

## ELEMENTE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 1 uur. (Tyd vir die memorisering van simbole en name van die elemente is nie ingesluit nie).



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 10-11 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Die simbole en name van die eerste 36 elemente op die periodieke tabel te kan gee sowel as die name en simbole van die volgende elemente Rb, Sr, Rh, Pd, Ag, Cd, Sn, Sb, Te, I, Xe, Cs, Ba, La, W, Pt, Au, Hg, Tl, Pb, Bi, Po, At, Rn, Ra, Ac, Th en U; en
- die terme atoom en element korrek te kan gebruik.



- Doen "Review and check for section 1.4" op bl. 11 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-38 agter in die handboek).
- Doen vraag 1 en 3 op bl. 21 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-38 agter in die handboek).

Leergedeelte  
**1.4**

## VERBINDINGS

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte  $\frac{3}{4}$  uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 11 - 13 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Die terme verbinding en molekule korrek te kan gebruik; en
- die term chemiese formule te kan definieer en korrek te kan gebruik.



- Doen "Review and check for section 1.5" op bl. 13 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-38 agter in die handboek).
- Doen vraag 5 op bl. 21 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-38 agter in die handboek).



## FISIESE EIENSKAPPE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeele is 'n geskatte  $\frac{3}{4}$  uur.



Hierdie leergedeele is op **KT&T**, bl. 13 - 15 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeele behoort jy:**

- Die term fisiese eienskap van materie met voorbeelde te kan omskryf;
- die begrip digtheid te kan hanteer, asook die verband daarvan met volume en massa; en
- die verskil tussen ekstensiewe en intensiewe eienskappe van materie te kan aantoon.



- Doen "Review and check for section 1.6" op bl. 15 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-38 agter in die handboek).
- Doen vraag 15 op bl. 21a van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-39 agter in die handboek).

Leergedeele

1.6

## FISIESE EN CHEMIESE VERANDERINGS

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeele is 'n geskatte ½ uur.



Hierdie leergedeele is op **KT&T**, bl. 15 - 17 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeele behoort jy:**

- Die terme fisiese en chemiese verandering, reagentie en produkte te kan omskryf met voorbeelde; en
- 'n chemiese vergelyking te kan identifiseer en te kan verduidelik.



- Doen "Review and check for section 1.7" op bl. 17 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-38 agter in die handboek).
- Doen vraag 7 op bl. 21 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-38 agter in die handboek).



## EENHEDE VAN METING

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeele is 'n geskatte 1 uur.



Hierdie leergedeele is op **KT&T**, bl. 23 - 28 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeele behoort jy:**

- Algemene eenhede vir meting in chemie te ken en te kan gebruik.



- Bestudeer voorbeeld 1 op bl. 26 om 'n idee van 'n tipiese eksamenvraag te kry.
- Doen "Review and check for section 1" op bl. 28 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-40 agter in die handboek).
- Doen vraag 3, 5, 7, 9, 13 en 15 op bl. 43a van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-40 agter in die handboek).



## **METINGS: PRESISIE, AKKURAATHEID, EKSPERIMENTELE FOUTE EN STANDAARDAFWYKING**

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeele is 'n geskatte 15 minute.



Hierdie leergedeele is op **KT&T**, bl. 29 - 31 gebaseer.

### **UITKOMSTE**

**Ná voltooiing van hierdie leergedeele behoort jy:**

- Slegs die paar bladsye deur vir kennisname te lees.

Leergedeelte  
1.9

## DIE WISKUNDE VAN CHEMIE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 1 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 32 - 38 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Getalle in eksponensiële notasies sowel as wetenskaplike notasies te kan uitdruk en gebruik; en
- te weet wat 'n beduidende syfer is en beduidende syfers in berekeninge te kan aantoon en gebruik.



- Werk aandagtig deur die “Problem-solving tip 1” bo-aan bl. 34. Dit behoort jou baie te help in die res van die module waar jy nog heelwat berekeninge gaan doen.
- Doen “Review and check for section 3” op bl. 37 en 38 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-40 agter in die handboek).
- Doen vraag 23 en 25 op bl. 43b van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-40 agter in die handboek).



## DIE TEGNIEK VAN PROBLEEMOPLOSSING EN GRAFIEKE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeeelte is 'n geskatte 15 minute.



Hierdie leergedeeelte is op **KT&T**, bl. 38 - 43 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeeelte behoort jy:**

- Slegs die paar bladsye vir kennisname deur te lees.

Leereenheid



# ATOME, MOLEKULES EN IONE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leereenheid is 'n geskatte 15 uur.



Hierdie leereenheid is op hoofstuk 2 van **KT&T**, bl. 44 – 95k gebaseer.

## UITKOMSTE

### Ná voltooiing van hierdie leereenheid behoort jy:

- Die struktuur van die atoom, asook die terme atoomgetal en massagetal te kan beskryf;
- isotope te kan beskryf en die atoommassa van 'n element vanaf isotoopvoorkoms te kan bereken;
- die terminologie van die periodieke tabel te ken;
- formules vir ioniese verbindings en molekulêre verbindings te kan interpreteer, voorspel en neerskryf;
- ioniese verbindings en molekulêre verbindings te kan benoembenoem;
- sommige eienskappe van ioniese verbindings te ken;
- die begrip mol te kan verduidelik en molêre massas in berekenings te kan gebruik; en
- formules vir verbindings te kan aflei vanaf eksperimentele data.



## ATOOMSTRUKTUUR – PROTONE, ELEKTRONE EN ATOOMMASSA

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 2 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 45 - 48 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Die terme elektrone, protone, neutrone en algemene atoomstruktuur te kan verduidelik; en
- die relatiewe massaskaal en die atoommassa-eenheid te kan verduidelik.



- Bestudeer voorbeeld 2.1 op bl. 47 en 48 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 2.2" op bl. 48 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-42 agter in die handboek).
- Doen vraag 5 en 7 op bl. 95 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-43 agter in die handboek).



## ISOTOPE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeele is 'n geskatte uur.



Hierdie leergedeele is op **KT&T**, bl. 48 - 52 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeele behoort jy:**

- Isotope te kan definieer en die massagetal sowel as die aantal neutrone vir 'n spesifieke isotoop te kan neerskryf; en
- eenvoudige berekeninge te kan doen om die atoommassa van 'n element en die isotoopvoorkoms met mekaar in verband te kan bring.



- Bestudeer voorbeeld 2.2 op bl. 50 en 51 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 2.3" op bl. 51 en 52 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-42 agter in die handboek).
- Doen "Review and check for section 2.4" op bl. 52 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-42 agter in die handboek).



## DIE PERIODIEKE TABEL

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 1 uur.

Hierdie leergedeelte (leergedeelte 2.3) moet jy self bestudeer en voorberei vir toets- en eksamendoeleindes. Onthou dat selfstudiewerk tussen 10% en 20% van toetse, werksopdragte en die eksamen kan uitmaak.



Hierdie leergedeelte is gebaseer op **KT&T**, bl. 52 - 63.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Groepe en periodes op die periodieke tabel te kan identifiseer; en
- tussen die metale, metalloïede, nie-metale, alkalimetale, alkali- aardmetale, halogene, edelgasse en die oorgangsmetale op die periodieke tabel te kan onderskei.



- Doen "Review and check for section 2.5" op bl. 63 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-42 agter in die handboek).
- Doen vrae 25 en 27 op bl. 95a en 95b van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-43 agter in die handboek).



## MOLEKULES, VERBINDINGS EN FORMULES

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 1½ uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 63 - 65 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Molekulêre formules, verkorte formules en struktuurformules te kan herken en interpreteer; en
- van die verskillende molekulêre modelle wat in chemie bestaan, bewus te wees.



- Doen "Review and check for section 2.6" op bl. 65 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-42 agter in die handboek).



## IONIESE VERBINDINGS: FORMULES, NAME EN EIENSKAPPE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeeelte is 'n geskatte 2½ uur.



Hierdie leergedeeelte is op **KT&T**, bl. 65 - 76 gebaseer.

### UITKOMSTE

#### Ná voltooiing van hierdie leergedeeelte behoort jy:

- Te weet dat metale gewoonlik een of meer elektrone verloor om positiewe ione – bekend as katione – te vorm en dat niemetale gewoonlik een of meer elektrone opneem om negatiewe ione – bekend as anione – te vorm;
- die lading op 'n metaalkation te kan voorspel vir die volgende groepe metale: groep 1A, 2A en 3A;
- die lading op 'n niemetalaanion te kan voorspel vir die volgende groepe niemetale: groep 4A, 5A, 6A en 7A;
- formules vir ioniese verbindings te kan neerskryf deur katione en anione in die korrekte verhouding te kombineer sodat daar geen totale lading vir die ioniese verbinding is nie;
- die name en formules van poliatomiese katione en anione te ken (bestudeer tabel 2.4 op bl. 69 van **KT&T**);
- ioniese verbindings en eenvoudige binêre verbindings van die niemetale te kan benoembenoem; en
- Coulomb se wet te ken en die belangrikheid van Coulomb se wet te verstaan.



- Bestudeer voorbeeld 2.4 en 2.5 op bl. 70 en 71 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 2.7" op bl. 74 en 75 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-42 agter in die handboek).
- Doen vraag 37, 39, 43, 45, 47, 49, 51 en 55 op bl. 95b en 95c van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-43 en A-44 agter in die handboek).

Leergedeelte  
2.6

## MOLEKULÊRE VERBINDINGS: FORMULES EN NAME

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 1 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 76 - 77 gebaseer.

### UITKOMSTE

Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:

- Eenvoudige binêre verbindings van die niemetale te kan benoem.



- Doen "Review and check for section 2.8" op bl. 77 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-42 agter in die handboek).

Leergedeelte

2.7

## ATOME, MOLEKULES EN DIE MOL

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 2½ uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 77 - 84 gebaseer.

### UITKOMSTE

#### Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:

- Te verstaan en te weet dat die molêre massa van 'n element dieselfde is as die massa in gram van Avogadro se aantal atome van dié element;
- te weet hoe om die molêre massa van 'n element en Avogadro se getal in berekeninge te gebruik;
- te verstaan en te weet dat die molêre massa van 'n verbinding die massa in gram is van Avogadro se getal molekules van dié verbinding;
- die molêre massa van 'n verbinding te kan bereken vanaf die formule van die verbinding en die periodieke tabel; en
- die aantal mol van 'n verbinding wat deur 'n spesifieke massa van die verbinding verteenwoordig word, te kan bereken. Jy moet ook die omgekeerde kan bereken.



- Bestudeer voorbeeld 2.6 op bl. 80 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Bestudeer voorbeeld 2.7 op bl. 82 en 83 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 2.9" op bl. 83 en 84 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-43 agter in die handboek).
- Doen vraag 61, 63, 65, 67 en 73 op bl. 95c en 95d van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-44 agter in die handboek).

Leergedeelte  
2.8

## CHEMIESE ANALISES: BEPALING VAN DIE FORMULES VAN VERBINDINGS

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 2 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 84 - 90 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Die samestelling van 'n verbinding te kan uitdruk in terme van die persentasie samestelling; en
- die persentasie samestelling of ander eksperimentele data te kan gebruik om die empiriese formules en die molekulêre formules van verbindings te kan bereken.
- die formule van 'n verbinding vanaf massa data te kan bereken, en
- die formules van ioniese gehidrateerde verbindings te kan bereken.



- Bestudeer voorbeeld 2.8 op bl. 85 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Bestudeer voorbeeld 2.9 en 2.10 op bl. 87, 88 en 89 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Bestudeer voorbeeld 2.11 op bl. 89 en 90 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen vraag 79, 81, 83, 85, 93 en 95 op bl. 95d en 95e van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-44 agter in die handboek).



## CHEMIESE REAKSIES

Die tyd geskeduleer vir hierdie leereenheid is 'n geskatte 17 uur.



Hierdie leereenheid is op gedeeltes van hoofstuk 3 van **KT&T** gebaseer, naamlik bl. 96 – 137h.

Leergedeelte 3.8 is egter op 'n gedeelte van hoofstuk 19 van **KT&T** gebaseer, naamlik bl. 715 - 723.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leereenheid behoort jy:**

- Eenvoudige chemiese reaksies te kan balanseer;
- die eienskappe van chemiese ewewig te verstaan;
- die eienskappe van ioniese verbindings wat in water opgelos is te verstaan;
- algemene sure en basisse te herken en sure en basisse se gedrag in waterige oplossings te verstaan;
- die algemene reaksietipes in waterige oplossing te kan herken;
- chemiese vergelykings vir die algemene reaksietipes in waterige oplossing te kan neerskryf;
- algemene oksidasie en reduksiereagense te ken; en
- oksidasiereduksiereaksies (redoksreaksies) te herken.

Leergedeelte  
**3.1**

## INLEIDING: BALANSERING VAN CHEMIESE VERGELYKINGS

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 2 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 97 - 102 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Eenvoudige chemiese vergelykings deur middel van inspeksie te kan balanseer; en
- die inligting in 'n gebalanseerde chemiese vergelyking te kan gebruik.



- Doen “Review and check for section 3.1” op bl. 99 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-46 agter in die handboek).
- Bestudeer voorbeeld 3.1 op bl. 101 en 102 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen “Review and check for section 3.2” op bl. 102 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-46 agter in die handboek).
- Doen vraag 1, 3 en 5 op bl. 137a van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-45 en A-46 agter in die handboek).



## INLEIDING TOT CHEMIESE EWEWIG

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 0 min.

**Neem slegs kennis van hierdie gedeelte. Chemiese ewewig word volledig in Leereenheid 7 behandel.**



## WATERIGE OPLOSSINGS

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 2 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 105-110 gebaseer.

### UITKOMSTE

#### Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:

- Die verskille tussen elektroliete en nie-elektroliete te ken en voorbeelde van elke tipe te herken;
- die oplosbaarheid van ioniese verbindings in water te kan voorspel deur van 'n oplosbaarheidstabel gebruik te maak (Alhoewel die tabel in die middel van bl. 108 van **KT&T** in toetse of die eksamen aan jou verskaf sal word moet jy baie seker maak dat jy weet hoe om die tabel te gebruik. Die tabel word ook agter in die studiegids gegee.); en
- die ione wat vorm wanneer 'n ioniese verbinding of 'n suur of 'n basis in water oplos, te herken en te kan benoem.



- Bestudeer voorbeeld 3.2 op bl. 109 van **KT&T** om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 3.4" op bl. 109 en 110 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-46 agter in die handboek).
- Doen vraag 9, 11 en 13 op bl. 137a en 137b van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-47 agter in die handboek).

**PRESIPITASIEREAKSIES**

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 3 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 110-114 gebaseer.

**UITKOMSTE**

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Die produkte van 'n presipitasiereaksie te kan voorspel;
- 'n gebalanseerde vergelyking vir 'n presipitasiereaksie te kan neerskryf; en
- netto ioniese vergelykings te kan skryf.



- Bestudeer voorbeeld 3.3 op bl. 111 en 112 van **KT&T** om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Bestudeer "Problem-solving Tip 3.1" op bl. 113. Dit sal vir jou waardevolle idees gee oor hoe om 'n netto ioniese vergelyking neer te skryf.
- Bestudeer voorbeeld 3.4 op bl. 113 en 114 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 3.5" op bl. 114 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-46 agter in die handboek).



## SURE EN BASISSE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeeelte is 'n geskatte 0 uur.

**Neem slegs kennis van hierdie gedeelte op bl. 114-123. Sure en basisse word volledig in Leereenheid 8 behandel.**



## GASVORMINGSREAKSIES

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 1½ uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 123-125 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Die produkte van 'n gasvormingsreaksie te kan voorspel; en
- 'n gebalanseerde vergelyking vir 'n gasvormingsreaksie te kan neerskryf.



- Bestudeer voorbeeld 3.7 op bl. 124 van **KT&T** om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 3.7" op bl. 125 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-46 agter in die handboek).

Leergedeelte  
3.7

## OKSIDASIE-REDUKSIEREAKSIES

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 3 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 125-131 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Eenvoudige en algemene oksidasie- en reduksiereagense te kan identifiseer (kyk tabel 3.3 op bl. 130);
- 'n reaksie as 'n oksidasie-reduksiereaksie (redoksreaksie) te kan herken;
- te weet watter verbinding (atoom) in 'n reaksie geoksideer word en watter verbinding (atoom) in die reaksie gereduseer word;
- die oksidasiegetalle van elemente in 'n verbinding te kan bereken; en
- te verstaan dat oksidasiegetalle die lading op 'n atoom verteenwoordig wanneer die elektrone van die verbinding volgens 'n stel riglyne getel word.



- Bestudeer voorbeeld 3.8 op bl. 128 en 129 van **KT&T** om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Bestudeer voorbeeld 3.9 op bl. 130 en 131 van **KT&T** om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 3.8" op bl. 131 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-46 agter in die handboek).
- Doen vraag 45, 47 en 49 op bl. 137c van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-48 agter in die handboek).

## BALANSERING VAN OKSIDASIE-REDUKSIEREAKSIES

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 3 uur.



Hierdie leergedeelte is op hoofstuk 19 van **KT&T**, bl. 715-723 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Oksidasie-reduksiereaksievergelykings (redoksreaksies) in 'n neutrale medium, suur medium en basiese medium te kan balanseer deur van die halfreaksie benadering gebruik te maak.



- Bestudeer voorbeeld 19.1 op bl. 716 en 717 van **KT&T** om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag vir die balansering van 'n redoksreaksie in 'n **neutrale medium**.
- Bestudeer voorbeeld 19.2 op bl. 718, 719 en 720 van **KT&T** om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag vir die balansering van 'n redoksreaksie in 'n **suurmedium**.
- Bestudeer voorbeeld 19.3 op bl. 721 en 722 van **KT&T** om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag vir die balansering van 'n redoksreaksie in 'n **basiese medium**.
- Bestudeer "Problem-solving Tip 19.1" op bl. 720. Dit sal vir jou 'n waardevolle opsomming gee van hoe om oksidasie-reduksievergelykings te balanseer.

Leergedeelte



3.9

## KLASSIFIKASIE VAN REAKSIES IN WATERIGE OPLOSSINGS

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 1½ uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 131-135 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Die kerneienskappe van die vier tipes reaksies (presipitasie, suurbasis, gasvorming en redoks) in waterige oplossing te herken.



- Bestudeer voorbeeld 3.10 op bl. 134 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 3.9" op bl. 135 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-46 agter in die handboek).



# STOÏGIOMETRIE: KWANTITATIEWE INLIGTING OOR CHEMIESE REAKSIES

Die tyd geskeduleer vir hierdie leereenheid is 'n geskatte 16 uur.



Hierdie hele leereenheid is op hoofstuk 4 van **KT&T**, bl. 139-179h en 'n klein gedeelte van hoofstuk 13 van **KT&T**, bl 470-473 gebaseer.

## UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leereenheid behoort jy:**

- Stoïgiometriese berekenings te kan uitvoer deur van gebalanseerde chemiese reaksievergelyking gebruik te maak;
- te verstaan wat 'n beperkende reagens in 'n chemiese reaksie is en te kan bereken watter een van die reagense in 'n gebalanseerde reaksievergelyking die beperkende reagens is;
- die teoretiese en persentasie-opbrengs van 'n chemiese reaksie te kan bereken;
- stoïgiometrie te kan gebruik om 'n mengsel van verbindings te analiseer en om die formule van 'n verbinding te bepaal; en
- konsentrasies in oplossingstoïgiometrie te kan definieer, bereken en gebruik.



## MASSAVERWANTSKAPPE IN CHEMIESE REAKSIES: STOÏGIOMETRIE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 2 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl.139-143 gebaseer.

### UITKOMSTE

#### Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:

- Die beginsels van die behoud van materie – wat die basis van chemiese stoïgiometrie is, te verstaan;
- die massa of molhoeveelheid van een reagens of produk vanaf die massa of molhoeveelheid van 'n ander reagens of produk te kan bereken deur gebruik te maak van 'n gebalanseerde chemiese vergelyking. Jy moet ook tussen massagroothede en molhoeveelhede kan skakel; en
- hoeveelheidstabelle te kan gebruik om stoïgiometriese inligting te orden.



- Bestudeer “Problem-solving Tip 4.1” op bl. 141. Dit sal vir jou waardevolle idees gee oor hoe om 'n stoïgiometriese berekening aan te pak.
- Bestudeer voorbeeld 4.1 op bl. 141 en 142 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen “Review and check for section 4.1” op bl. 143 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-50 agter in die handboek).
- Doen vraag 1 en 3 op bl. 179a van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-51 agter in die handboek).

Leergedeelte

4.2

## REAKSIES WAARVAN EEN REAGENS IN BEPERKTE HOEVEELHEID TEENWOORDIG IS (BEPERKENDE REAGENSE)

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 2 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 143-147 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Te kan bereken watter een van twee of meer reagense 'n beperkende reagens is; en
- die opbrengs van 'n produk te kan bereken op grond van die beperkende reagens.



- Bestudeer voorbeeld 4.2 op bl. 145 en 146 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 4.2" op bl. 147 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-50 agter in die handboek).
- Doen vrae 11, 13, 15 en 17 op bl. 179b van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-51 agter in die handboek).

Leergedeelte  
4.3

## PERSENTASIEOPBRENGS

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 1 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 147-150 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Die verskil tussen werklike opbrengs, teoretiese opbrengs en persentasie opbrengs te verstaan en te kan beskryf; en
- die werklike opbrengs, teoretiese opbrengs en persentasieopbrengs te kan bereken.



- Doen “Review and check for section 4.3” op bl. 149 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-50 agter in die handboek).

Leergedeelte



4.4

## CHEMIESE VERGELYKINGS EN CHEMIESE ANALISE

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 4 uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 150-156 gebaseer.

### UITKOMSTE

**Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:**

- Stoïgiometrie te kan gebruik om 'n mengsel van verbindings te analiseer; en
- die empiriese formule van 'n onbekende verbinding te kan bepaal deur van stoïgiometriese beginsels gebruik te maak.



- Bestudeer voorbeeld 4.3 op bl. 152 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Bestudeer voorbeeld 4.4 op bl. 153 en 154 om 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Bestudeer voorbeeld 4.5 op bl. 155 en 156 om nog 'n idee te kry van 'n tipiese eksamenvraag.
- Doen "Review and check for section 4.4" op bl. 156 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-50 agter in die handboek).
- Doen vraag 25, 27 en 29 op bl. 179c van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-51 agter in die handboek).

Leergedeelte  
4.5

## METING VAN KONSENTRASIES VAN VERBINDINGS IN OPLOSSING

Die tyd geskeduleer vir hierdie leergedeelte is 'n geskatte 2½ uur.



Hierdie leergedeelte is op **KT&T**, bl. 156-161 en **KT&T**, bl. 471-473 gebaseer.

### UITKOMSTE

#### Ná voltooiing van hierdie leergedeelte behoort jy:

- Die konsentrasie van 'n opgeloste verbinding in 'n oplossing in eenhede van mol per liter (molariteit) te kan bereken;
- die konsentrasie van 'n opgeloste verbinding in 'n oplossing in ander eenhede soos molariteit; molfraksie; massapersentasie en dele per miljoen (dpm) te kan uitdruk (hoofstuk 13, bl. 471-473);
- konsentrasies in verdere berekeninge te kan gebruik;
- te kan beskryf hoe om 'n oplossing met 'n gegewe konsentrasie vanaf 'n oplosbare verbinding en 'n oplosmiddel te kan berei; en
- te kan beskryf hoe om 'n oplossing deur verdunning vanaf 'n meer gekonsentreerde oplossing te berei.



- Bestudeer voorbeeld 4.6 op bl. 158 en 4.7 op bl. 161 om 'n idee te kry van tipiese eksamen vrae.
- Bestudeer “Problem-solving Tip 4.3” op bl. 160. Dit sal vir jou waardevolle idees gee oor hoe om 'n oplossing deur middel van verdunning te berei.
- Doen “Review and check for section 4.5” op bl. 161 van **KT&T** (antwoorde is in bylaag N, bl. A-50 agter in die handboek).
